PRG GENIET ‘N NAWEEK PROPVOL SUKSES OP SPORTGEBIED

SWEM

Op Vrydag, 11 Februarie, het PRG ‘n spesiale dag beleef toe vyf-en-twintig swemmers aan twee galas deelgeneem het. PRG het Hoër Jongenskool Paarl se 8-jaar wenrekord by die Frank Myburgh Twilight Gala tot ‘n einde gebring en ook vir Rondebosch Boys’ High met 4 punte by die Boy/Girl Gala geklop. ‘n Waarlik historiese dag vir die PRG-swemspan.

WATERPOLO

Dit was ‘n besige naweek vir die PRG waterpolospanne. Die o/19A-span het aan Selborne College se Vides Waterpolotoernooi deelgeneem. Die 0/14A-span het in Kaapstad aan die Dave Pitcairn Cup, deur Reddam aangebied, deelgeneem. Die o/19C-span het na Knysna gereis om aan die Chukka toernooi by Oakhill deel te neem en het vierde uit 20 spanne geëindig en uiteindellik teen Selborne in die semi-finaal verloor. PRG-spelers Cameron Meill en Ethan Mentjes is na afloop van die toernooi in die toernooispan opgeneem. Die o/14A-span het PRG baie trots gemaak met hul tweede plek in die finaal – die beste prestasie vir PRG by dié toernooi tot op hede. Die o/19C-span het ‘n goeie waterpolonaweek in Knysna beleef in wedstryde teen ander skole se 0/19A- en B-spanne om hulle vaardighede te slyp.

KRIEKET

PRG se 0/14-, o/15- en o/19A-spanne het teen Paarl Gimnasium die afgelope naweek gespeel. Die o/19A span wen met 89 lopies, die o/15A-span wen met 2 paaltjies en die o/14A-span met 32 lopies. Die o/14A-span het Paarl Gim met 6 paaltjies gewen, terwyl die o/14C-span met 5 paaltjies gewen. Die o/19D- en E-spanne het ewe goed gevaar – met die o/19D-span wat Paarl Gim met 6 paaltjies en die o/19E-span wat met 12 lopies gewen het.

TENNIS

Die o/15A-tennisspan het hul onoorwonne status vir die vierde opeenvolgende jaar by Boland Landbouskool se jaarlikse tennistoernooi behou. Die span het gespeel en gewen teen Paarl Gimnasium, Oakdale, Hoërskool Durbanville, Hoërskool Nico Malan, Midstream, en het ook uiteindellik teen Hoër Jongenskool Paarl in die finaal gewen. Die tennisspan bestaan uit Willem de Waal, Pieter Kotze, Xander Pienaar, Herman Roux, Charl Henning, Sebastian Oosthuizen en Henro Kruger.

PRG klop Paarl Gim: 9 - 0

PRG klop Oakdale: 9 - 0

PRG klop Durbanville: 9 - 0

PRG klop Nico Malan: 9 - 0

PRG klop Midstream: 9 - 0

PRG klop Paarl Boishaai: 5 - 1 (Finaal)

(foto`s aangeheg)

MUURBAL

PRG se o/19A-muurbalspan het goed gevaar by die St Andrew's muurbaltoernooi in Bloemfontein. Die span het twee wedstryde teen Grey College en Hoërskool Menlopark verloor, maar oorwinnings van 6-0 teen St Dominic's College (18-1), 6-0 teen St John's College B (18-0) en 5-1 teen St Andrew's College (15-4) behaal.

GHOLF

Vier van PRG se gholfspanne het aan Selborne College se Eeufees in Oos-London deelgeneem. Na 'n uitdagende eerste dag het die span die derde plek naas Stirling en Selborne beklee. Op dag twee het die span uitsonderlik gespeel, waarna hulle uiteindellik tweede plek, naas Stirling behaal het. Die span bestaan uit PRG se talentvolle gholfspelers Gerard Hartman, Andries van der Vyver, George Botha en Nicolas van der Vyver.

Navrae: Luna Paige | media@paulroos.co.za | 082 859 2420